# GEBED IS SOVEEL MEER …

**Christo Nel**

## Inleiding

Vir meer as drie jaar reeds het ek die voorreg om Suid Afrikaners wêreldwyd week na week via die internet te kan bedien met die Woord van God. Die materiaal in hierdie boek is die stof van veertien weke se boodskappe wat ek deur God se genadewerk met hulle kon deel.

My gebed is dat dit ook vir jou sal seën soos dit hulle geseën het.

Julie 2004

Die skrywer

***Posbus 3114***

***Somerset-Wes, 7129***

**E-posadres: nchristo@lantic.net**

Tel 021-8510003

Sel 0827702397

Inleiding ........................................................................................................................ 2

HOOFSTUK 1 Gebed is vra, soek en klop ........................................................................ 4

HOOFSTUK 2 Om in die Naam van Jesus op te tree ..................................................... 11

HOOFSTUK 3 Dra mekaar se laste en beskerm mekaar ................................................ 14

HOOFSTUK 4 Die Heilige Gees bid saam met ons ......................................................... 17

HOOFSTUK 5 Wanneer ons bid, word dinge gebore .................................................... 19

HOOFSTUK 6 Gebed is soms 'n gestoei ......................................................................... 22

HOOFSTUK 7 Gebed trek die sluiers oop in mense se lewens ....................................... 26

HOOFSTUK 8 Niks keer God se lig nie............................................................................ 29

HOOFSTUK 9 Aksies en woorde "in Jesus se Naam" laat dinge gebeur .......................... 32

HOOFSTUK 10 Ons verander terwyl ons bid ................................................................. 35

HOOFSTUK 11 Ons word gesoute gelowiges in die vuur ............................................... 38

HOOFSTUK 12 Al ooit gevoel asof God jou in 'n grot vergeet het! ............................... 41

HOOFSTUK 13 Deur die donker tot in die lig................................................................. 45

HOOFSTUK 14 Alles ter voorbereiding van God se seisoen ........................................... 49

## HOOFSTUK 1 Gebed is vra, soek en klop

**Lukas 11: 9,10** sê: *"Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word. Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."*

Gebed is om te vra. Gebed is om te soek. Gebed is om te klop.

Gebed is soveel meer as wat ek ooit gedink het. Ek het my vir soveel jare vasgekyk en vasgedink binne die boksies van my teologiese tradisie en die mense waaronder ek groot geword het. Niemand het my ooit vertel dat gebed soms lang tye van stilte kan wees nie. Waar ek so bewus raak van die grootheid en heerlikheid van die God in wie se teenwoordigheid ek is, dat ek nie meer woorde het nie … Waar woorde eintlik oorbodig raak. Niemand het my ooit vertel dat ek oop oë kan sing en dans in gebed nie …

Maar miskien is die belangrikste wat ek oor gebed oor die jare heen geleer het dit dat, nes jy dink jy verstaan wat gebed is, iets nuuts vir jou oopgaan wat alles verander. Wat weer die wonder van in die teenwoordigheid van 'n lewende God te wees … die wonder van praat met Hom en Hy met jou … weer nuut maak.

Dit maak my gedurig vra: Leer my om te bid,Here. Veral in hierdie dae waar ek saam met soveel van U kinders voor U staan en pleit vir die redding van mense, ja, die redding van volke. Leer my bid.

**2 Kor. 5:7** sê om Christen te wees is in die eerste plek om te leer om te glo sonder om te sien. Dit leer ons veral daar waar ons bid. Daar leer ons om die wenhou te slaan terwyl ons bid. Om dan later in die gewone lewe van sien en voel, die oorwinning te sien realiseer wat reeds daar in ons gebedstyd behaal is.

Wesley het gesê God doen niks op aarde anders as in antwoord op gebed nie. Iemand anders het gesê: Jy kan soveel meer doen as jy gebid het … maar jy kan niks meer doen as om te bid nie as jy nog nie gebid het nie.

Kom ek haal vir jou 'n paar verse oor gebed uit die Skrif aan:

- **Matteus 18:19** *"Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry…"*
- **Lukas 5:16** *"Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."*

- **Lukas 6:12** *"In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God."*

- **Lukas 11:1** *"Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het."*

- **Lukas 11:2** *"En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom."*

- **Lukas 18:1** *"Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word."*

- **Johannes 16:24** *"Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."*

- **1 Tessalonisense 5:17** *"Bid gedurig."*

Maar miskien is daar iemand onder ons wat vra: Maar waarom moet ons bid? God weet immers alles.

Kom ons beantwoord die vraag so:

- **Gen. 1:26-28** en **Ps. 8:3-8** vertel vir ons dat God die mens aangestel het as Sy bestuurder hier op aarde. Nie dat God daarmee Sy eienaarskap oor die aarde weggegee het nie. Nee, dit is eerder dat Hy die verantwoordelikheid om die aarde te bestuur aan die mens gedelegeer het.

- **Gen. 1:27** sê selfs meer. Daar staan dat die mens bedoel is om God se beeld te vertoon. Dit kan dus maak dat ons na die mens kan kyk en selfs vir 'n oomblik kan dink dat die mens god is! Om dan net weer te besef: Nee, eintlik is dit maar net 'n mens! Daarom beskryf **1 Kor. 11:7** die mens as 'n prentjie van God se heerlikheid en sê Paulus, is God besig, as deel van Sy volkome verlossingsplan in elkeen van ons as Sy kinders, om hierdie prentjie van Sy heerlikheid meer en meer in ons te herstel (**2 Kor. 3:18**).

- Dit het geweldige implikasies, want dit beteken dat die dinge wat op hierdie aarde gebeur in 'n groot mate van ons as mense afhang. Of mense hemel of hel hier gaan beleef, gaan afhang of ons die rol speel wat God bedoel het ons moet speel.

- **Luk. 4:6 en 7** sê mense beleef hel op aarde omdat die mens sy gedelegeerde gesag en outoriteit aan satan en sy magte oorgegee het.

Daarom moes God Sy Seun mens laat word en laat sterf om vir Sy kinders terug te koop wat Adam weggegee het. En daarom behoort alle outoriteit en gesag in die hemel en op die aarde aan Jesus, wat Hy dan weer aan Sy volgelinge delegeer.

- **Ef. 3:10** sê selfs ons is God se ambassadeurs wat aan die onsigbare magte in die hemel moet proklameer dat God regeer sodat hulle ook voor Sy gesag moet buig.

Daarom is gebed so noodsaaklik.

Dit is ons taak om te bid soos Jesus ons geleer het om te bid daar in **Mat. 6**: "*Ons Vader in die hemel, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood …*"

God het reeds alles in detail beplan en het reeds die volmaakte antwoorde en presiese voorsiening in die store van die hemel opgestapel. Maar ons moet vra, soek en klop. Ja, selfs saai in geloof … Al is dit net 'n mosterdsaad-grootte saad … Om te ervaar dat niks vir God onmoontlik is nie.

God het gekies om deur mense te werk. Daarom is daar soveel voorbeelde in die Skrif van hoe God mense wat gebid het, gekies het om die skakel te wees vir dinge om te gebeur. Lees maar bv **1 Kon. 18:1,41-45** en **Jak. 5:17,18**.

In **Eseg. 22:30 en 31** roep God uit dat Hy 'n man of 'n vrou soek om in die gaping te kom staan … Om daar in Sy teenwoordigheid te kom staan en in te tree vir mense en hulle nood.

Jesus Christus het die volkome verlossing vir 'n verlore mensdom reeds volkome bewerk, maar God het gekies om mense die boodskapdraers en die bedienaars van hierdie volkome verlossing te maak.

Ons gebede is baie keer die sleutels wat die deur vir mense oopsluit na 'n lewe van oorvloed wat ook vir hulle bedoel is.

# Vat Vyf

### 'n Bid-Omgee-Getuig Leefstyl

*VAT VYF is 'n eenvoudige maar doeltreffende strategie om mense te bereik wat die seën van God in hulle lewens nodig het.*

Vat Vyf is 'n eenvoudige konsep om jou te help om mense met die evangelie van Jesus Christus te bereik. Elders in die wêreld word daarna verwys as gebeds-

evangelisasie. Dit is ‘n eenvoudige strategie wat *alle* Christene kan gebruik om uit te reik na vriende, familie, kollegas en bure.

### Stap 1 - Kies 5 vriende / gesinne om voor te bid

Vra die Vader biddend vir die name van 5 vriende, familielede, kollegas of bure wat die seën van God en meer van Jesus in hulle lewens nodig het. Skryf hul name hieronder neer:

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________
4. ______________________________________________
5. ______________________________________________

(Moenie hiervan ‘n wet maak nie. As 5 mense vir jou te veel is, begin met 2 of 3; dis ook in orde as jy kans sien om vir meer as 5 mense te bid.)

### Stap 2 - Bid 5 seëninge vir hulle, vir 5 minute per dag, vir ten minste 5 dae per week vir die volgende jaar

Wanneer jy vir hulle bid, bid vir die volgende vyf dinge:

1. Liggaam - gesondheid, beskerming, krag
2. Arbeid/Werk - werk, inkomste, sekuriteit
3. Emosioneel - geloof, hoop, liefde, vrede
4. Sosiaal - liefde, huwelik, goeie verhoudings met familie, vriende, bure, by die werk.
5. Geestelik - saligheid, geloof, genade, barmhartigheid, geestelike groei.

(Jy kan later ander versoeke byvoeg, maar begin met hierdie vyf gebedspunte en bid dit vir hierdie vyf mense/ gesinne.)

Wanneer jy vir die redding van mense bid, kan jy God ook vra dat sy Heilige Gees mense sal lei om na te dink oor die volgende vrae:

1. Wie kan ek vertrou?
2. Wat is die doel van my lewe?
3. Wanneer sal ek vry wees?
4. Waar gaan ek heen as ek sterf?

5. Waarom haat ek God? / Waarom hardloop ek van God weg?

6. Hoe kan ek my probleme hanteer?

7. Waar sal ek veilig wees? / Wie kan my beskerm?

### Stap 3 - Gee om vir mense: Help mense in hulle nood en help om hulle laste te dra

Kan ek meer doen as net bid? Verseker, ja! Nadat jy vir jou 5 vriende / gesinne begin bid het, wees op die uitkyk en vra die Here hoe jy hulle prakties kan versorg/ bedien. Een van hulle mag siek word: kook vir hulle 'n maaltyd, neem hul kinders skool toe, help met hul wasgoed. Iemand se motor mag onklaar raak: gee hom 'n geleentheid werk toe of leen vir hom jou motor. Wanneer daar nood is, bied aan om vir hulle te bid. Moenie 'n ophef maak nie, vra of jy vir hulle mag bid. Dra hulle dan aan God op, vra Hom om hulle te help en te seën.

### Stap 4 - Vertel hulle van Jesus Christus en die goedheid van God

Die volgende stap is om op die uitkyk te wees vir normale/ natuurlike geleenthede om jou geloof in God met hulle te deel. Moet dit nie aan hulle opdring nie. Haal nou en dan 'n Skrifgedeelte aan. Vertel van 'n antwoord op gebed, bied aan om vir hulle te bid. Terwyl jy vir hulle bid en regtig omgee, en soos wat jul vriendskap ontwikkel, sal daar meer geleenthede opduik waar jy jou geloof met hulle kan deel.

***Aantal Christene verdriedubbel in een jaar***

*In die sestigerjare van die vorige eeu het die Republiek van Sentraal-Afrika ongeveer 180 000 Christene gehad. Vir 'n jaar lank het duisende Christene ooreengekom om in klein groepies van ongeveer drie elk saam te bid - elkeen het vir die redding van drie ongeredde persone gebid. Na 'n jaar het die aantal Christene gegroei tot 600 000 a g v hierdie gebedstrategie.*

### Stap 5 - Volhard vir een jaar

In die jaar 2002 het miljoene Christene eendragtig in gebed volhard vir die mense in Afrika. Maar jy kan dit natuurlik enige jaar doen.

Die implementering van hierdie vyf stappe in jou lewe sal lei tot wat genoem word 'n **gebed-omgee-getuig lewenstyl**. Dit is 'n eenvoudige. praktiese, nie-bedreigende vorm van evangelisasie - en selfs kinders kan dit doen. Dit is uiters effektief om mense met die evangelie van Jesus Christus te bereik.

*Waarom moet ek my bure/vriende seën?*

God het vir Abraham gesê dat Hy hom sal seën en dat al die nasies deur hom geseën sal word (**Gen. 12:3**). In **Numeri 6:24-26** leer God vir Aäron hoe om die mense te seën: *Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding*

*verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*

In **Joh. 1:16** leer die Woord ons dat ons deur Jesus Christus genade op genade ontvang. In **Genesis 1** lees ons dat God die hemel en die aarde geskep het en dit toe geseën het. God wil mense seën en wil hê dat hulle geseënd sal wees.

Met 'n eerste gesprek is minder as 10% van alle mense oop vir 'n direkte gesprek oor Jesus Christus. Maar statistiek toon dat tot 98% ontvanklik is daarvoor as iemand vir hulle bid en God vra om hulle te seën.

### *Waarom is hierdie strategie so effektief?*

Daar is verskeie redes:

Nie alle mense het die gawe van evangelisasie nie, maar almal kan bid. Selfs die mees teruggetrokke en mense wat dit moeilik vind om met ander te praat of openlik te getuig.

Dit is 'n nie-bedreigende en "normale" strategie waar jy vir mense kan bid, verhoudings en vriendskappe met mense kan bou en vanuit 'n vriendskaps-verhouding teenoor mense kan getuig.

Meer mense is bereid om te luister na wat jy hulle van Christus wil vertel as hulle kan sien dat jy regtig op 'n praktiese manier vir hulle omgee en hulle lief het. Ons dade praat baie keer baie harder as ons woorde.

### *Jou gesindheid in gebed*

Bid met geloof - God antwoord gebed (**Heb.4:16, 11:6**).

Wanneer jy bid, onthou dat niks vir God onmoontlik is nie (**Mark. 10:27**).

Bid met 'n hart vol liefde en omgee vir ander mense (**Mat. 9:36**).

Volhard in gebed (**Luk. 18:1**).

Bid met 'n rein hart (**Spr. 28:9, 13**).

### *Bid saam met ander*

Wanneer jy vir vyf bure of vriende begin bid, kan jy alleen bid, maar dit is altyd beter en 'n groot bemoediging as jy nog minstens twee ander persone kry wat saam met jou ook vir vyf persone kan bid. Moedig jou gesin, selgroep, twee skoolvriende of onderwysers of kollegas by die werk wat ook Christene is, aan om saam met jou 'n klein gebedsgroep te vorm en saam met jou te bid.

### *Skrifgedeeltes vir gebed*

Hier is nog ‘n aantal Skrifgedeeltes om in jou gebedstyd te gebruik: **Joh. 3:16, Joh. 6:63, Joh. 6:44, Joh. 5:21, Joh. 16:8-11, 2 Kor. 4:3-4, 2 Kor. 10:3-6, 2 Pet. 3:9, Mat. 8:14, 1 Tim. 2:3-4.**

### *Sal my gebed ‘n verskil maak?*

Miljoene Christene wêreldwyd gebruik hierdie strategie/metode (op verskillende maniere) om hulle bure, vriende en kollegas met die evangelie te bereik. Elke dag is daar mense wat in ‘n nuwe en dieper verhouding met Jesus Christus kom as gevolg van Christene wat vir hulle bid en omgee.

**Vat Vyf** word aangebied in samewerking met **Operation Sunrise Africa** en as een van OSA se evangeliesasie-strategieë. Jy kan julle webtuiste kry by www.genesis.org.za (spesifiek vir Kaapstad) en by www.operationsunriseafrica.org (Suid-Afrika en Afrika).

## HOOFSTUK 2 Om in die Naam van Jesus op te tree

Ons noem gereelde en kragtige bidders “intersessors”. Maar eintlik is elkeen wat bid, streng gesproke, ‘n “intersessor”. Veral as ons bid vir ander … soos ons kinders, of huweliksmaat, of iemand se gesondheid of bekering.

Die begrip “intersessie” beteken immers: Om as tussenganger op te tree; om te pleit vir iemand anders se onthalwe; om iemand anders te verteenwoordig. Dit is byvoorbeeld tipies wat ‘n advokaat of prokureur elke dag doen as hulle in die hof vir iemand anders verskyn.

Intersessie beteken ook om op te tree vir iemand ander, as gedelegeerde, met ‘n bepaalde gesag en outoriteit. So praat die Bybel van Adam as “die beeld van God”, wat omskryf kan word as dat Adam God se “intersessor” op hierdie aarde moes wees. Sou mense dus na hom kyk, het hulle as’t ware ‘n goeie “verteenwoordigende skets” of prentjie van wie God is gesien.

Dit is ook insiggewend dat Jesus die Tweede Adam genoem word.

**1 Tim. 2:5** en **1 Joh. 2:1** praat voorts van die “intersessie-werk” wat Jesus vir en namens die mensdom by God gedoen het.

- Alles wat Hy op aarde kom doen het, het Hy vir en namens die wêreld kom doen: Hy het die straf vir ons sondes op Hom geneem en ons (met ons straf) by God gaan verteenwoordig. Daarom moes Hy die volle straf dra vir die sondes van ‘n hele wêreld met sy mense.

- Maar Hy het ook namens en vir ons die volkome oorwinning behaal oor Satan en al sy magte. Sodat ons, deur geloof in wat Hy gedoen het, kan deel in hierdie volkome verlossing.

- Sodat ons, as ons bid in die Naam van Jesus, deur Jesus self aan Sy en ons Vader, voorgestel word as diegene wat kom “in Sy Naam” en met Sy gesag.

Die Bybel bemoedig ons as gelowiges selfs met die belofte dat Jesus ons “Intersessor” is wat 24 uur, 7 dae ‘n week, vir elkeen van ons intree by Sy Vader. Luister hoe **Hebreërs 7:25** dit sê: *“Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.”*

Dit beteken ook dat Jesus letterlik tussen ons en die vyand gaan staan as Hy enige klagtes - wat die vyand oor ons kon hê oor dinge uit ons verlede - as “nie meer van toepassing” afmaak.

As die Bybel ons dus oproep om vir mense en hulle dinge te begin bid , beteken dit dus dat ons in hierdie selfde sin vir hulle kan intree.

Kom ek raak ‘n bietjie meer prakties:

- Om te bid en in te tree vir mense is letterlik om die wonderlike geskenke wat Jesus vir en namens ons bewerk en bekom het, na mense toe te dra, voor hulle neer te sit en vir hulle aan te bied. Dit sluit geskenke in soos versoening, verlossing, Jesus se geregtigheid, oorwinning en volkome genesing. Kyk maar na tekste soos **Mat. 14:17-19; 2 Kor. 5:18-20** en **Joh. 20:21** in die verband.

- Jesus was en is die Oorwinnaar en ons is diegene wat aangestel is om daardie oorwinning te gaan afkondig en selfs te gaan afdwing in Sy Naam.

- Jesus is die Verlosser, en ons is diegene wat die sleutels, wat alle slotte kan oopsluit, by Hom kry om die verskillende slotte te gaan oopsluit in Sy Naam.

- Jesus is die Hoof, en ons is die verskillende liggaamsdele van Sy Liggaam hier op aarde.

- In “Kingdom Enterprises” is ons nie in die produksie-departement nie, maar wel in die distribusie-afdeling.

Daarom noem God ons Sy medewerkers (**2 Kor. 6:1**). Deur ons gebed en deur ons getuienis verteenwoordig ons die lewende God onder mense. Hy is immers die Een wat in staat is om alle bande te verbreek. En Hy gee werklik om vir elkeen van hulle, omdat Hy hulle liefhet.

Dit is insiggewend dat die Hebreeuse woord vir gebed, “paga”, ook kan beteken “om te ontmoet”. Dit is presies wat gebeur as ons bid:

- Ons ontmoet ‘n lewende God

- En ons moenie verras wees as ons “langs die pad”, die magte van die donker ontmoet nie. Kyk maar **Ef. 1:16-23** en **3:10**.

Wat ‘n gedagte! Elke keer as ek bid in die Naam van Jesus, stap ek letterlik tussen die vyand in met die outoriteit en kanonne van die volkome oorwinning van Jesus! G’n wonder die vyand se aanvalle word ontwrig en hulle spat so uiteen nie! En geen wonder die vyand doen alles in sy vermoë om ons te ontmoedig om te begin bid nie!

Dit moet ons ook nie verbaas as daar tydens sulke ontmoetings genesings begin plaasvind nie (**Hand. 28:8 en 9**). Maar ook nie as dit soms “wild en woes” raak

tydens sulke ontmoetings nie! Die Hebreeuse woord “paga” beteken immers ook “oorlog maak” in sekere kontekste (**Rig. 8:21; 1 Sam. 22:17,18**).

Ons hoef egter nie te vrees of te skrik nie, want In Mat. 27:51 en 45 het Jesus gesê: Tetelestai. Dit is afgehandel. Alles is gedoen wat nodig is! Daarom bid ons in Jesus se Naam nie uit ‘n posisie van hulpeloosheid of onsekerheid nie. Wat gedoen moes word om die volle oorwinning te verseker het Jesus lankal reeds gedoen.

Ons wat bid moet dit net begin glo en met groter gesag en sekerheid dit vir al wat leef begin sê. In die besonder sodat satan en sy magte dit kan hoor!

As die Bybel ons Jesus se “getuies” noem, is dit ons voorreg om aan almal wat dit nodig het om te hoor, dit te vertel. Dit is ons voorreg om oor die nuwe lewe, die oorwinning en die koninkryk van God wat aarde toe gekom het, te getuig. Dit is ons voorreg om te vertel van die dag wat God die wêreld geskud is, totdat dit selfs agter die skerms, tussen die onsigbare magte in, gebewe het! Soveel so dat **1 Joh. 3:8** kan sê “die werke van die vyand is vernietig”. Jesus het immers Satan se wettige houvas gebreek op mense kom breek. Ons moet dit net vir hulle gaan vertel.

Dan gaan ons ervaar hoe dit die sleutel word wat fisiese genesings gaan “oopsluit”, of selfs bevryding en verligting van allerlei demoniese beheer in mense se lewens.

**Mat. 16:19** sê die sleutels is aan ons gegee wat dinge kan maak gebeur.

*Wat ‘n voorreg! Wat ‘n geleentheid! Wat ‘n verantwoordelikheid!*

## HOOFSTUK 3 Dra mekaar se laste en beskerm mekaar

### 1. Gebed is om mekaar se laste te dra

**Rom. 12:15** – "*Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.*"

**Gal. 6:2** – "*Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.*"

Een van die wonderlikste maniere om mekaar se laste te dra binne die Liggaam van Jesus is om vir mekaar in te tree deur gebed in die teenwoordigheid van God.

Dit is werklik asof ons op die manier langs mekaar kom staan en sê: Steun en leun op my as jy swaarkry of te veel pyn om alleen te staan. Ek is hier vir jou. Solank ek staan, staan jy ook!

As daar in **Kol. 3:13** staan "*Wees geduldig met mekaar …*" – in die Grieks word die werkwoord anechomai gebruik – dan is dit presies wat dit beteken.

Om mekaar se laste te dra, beteken selfs meer as net om mekaar te ondersteun.

**Rom. 15:1 tot 3** verwys hierna as die Griekse werkwoord bastazo gebruik word. Ongelukkig het die Nuwe Afrikaanse Vertaling dit met "verdra" vertaal, terwyl dit eerder "dra" in die sin van "wegdra" beteken. Daarom verwys Paulus na dit wat Jesus vir ons gedoen het. Hy het vir ons "ingetree" (**Jes. 53:6,12**) en ons "laste" op Hom geneem het en dit letterlik dus so "weggedra".

Om mekaar se laste te dra beteken letterlik dus om daardie "laste" uit mekaar se hande te neem, dit na Jesus toe te vat en dan daar te los vir Hom om verder te hanteer.

Iemand stel dit so voor: Almal van ons het dinge in ons lewe wat ons net nie self kan hanteer nie. Daarom het ons 'n "houer" nodig waarop staan "Vir ons Hemelse Vader om te hanteer", waar ons hierdie dinge in ons eie lewe, en in mekaar se lewens, kan insit en daar kan los met 'n sekerheid dat dit nou "in die regte hande" is.

Om werklik mekaar met lewe te bedien binne die gemeente (of soos ek hulle noem, die ekklesia) is ons verantwoordelikheid en voorreg om mekaar in die Naam van Jesus, met dit wat Hy vir ons reeds gedoen het, te bedien. Ons hoef nie weer vir mekaar te doen wat Jesus reeds gedoen het nie. Ons rol is net om Jesus daar by mekaar te verteenwoordig. Hy was en is die Verlosser wat 'n volkome verlossing reeds vir mense bewerk het. Hy was en is die Salf wat volkome genesing kan bewerk in die lewens van mense (**Jer. 8:22**). Ons taak is net om dit vir mekaar en ander "aan te smeer" waar dit pyn! Hy is die Fontein van lewende waters (**Jer. 2:13**). Ons deel

dit net uit en bedien dit net aan mekaar as God se nuwe geslag bedienaars of priesters (**2 Kor. 3:6**). In Jesus se Naam. Ook as ons vir mekaar bid.

Iemand sê dit treffend so: Die Leeu van Juda brul deur ons as Sy luidsprekers.

So kom ons mekaar te hulp (**Jos. 9 en 10**). So word dit wat Jesus reeds behaal en bewerk het, toegepas en geïmplementeer in mense se lewens.

In **Jos. 10:22 tot 27** is daar 'n pragtige prentjie wat dit goed illustreer. In hierdie gedeelte vra Josua sy soldate om hulle voete op die nekke van die verslane konings te kom sit sodat hulle as't ware die pasbehaalde oorwinning in hulle mond kan proe.

Jesus het Satan se mag gebreek. Die vyand sy heerskappy is in werklikheid verby. Maar soveel mense sien dit nie raak nie en beleef dit nie elke dag in hulle eie lewens nie. Ons taak is letterlik om, as Jesus se gewillige weermag, dit te gaan afforseer op die vyand wat nog steeds mense belieg en bedrieg oor sy sogenaamde mag oor hulle lewens. Ons taak is om, alla Josua, mense te leer om in Jesus se Naam hulle voet op die vyand se nek te gaan sit in daardie situasies waar hulle al die jare gedink het oorwinning is nie moontlik nie.

Natuurlik gaan dit oorlog beteken. Die vyand gaan nie sommer net gemaklik toegee nie. Maar, Goddank, ons doen wat ons doen in die Naam van Jesus wat reeds die Oorwinnaar is! Daarom gaan ons letterlik beleef wat in **Rom. 16:20** staan, naamlik dat God self die vyand "onder ons voete" gaan vertrap. Toe deure gaan oopgesluit word, en kettings om mense gaan losgeruk word.

### 2. Gebed is om mekaar te beskerm

In die Ons Vader-gebed leer Jesus ons daar in **Mat. 6:13** om te bid " *laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose*."

Dit is baie interessant dat een van die woorde wat in die Hebreeus vir "bid" gebruik word, die woord paga is en dat hierdie woord gebruik word om "grense of selfs mure van beskerming" aan te dui. Dit is letterlik asof ons daar waar ons vir mekaar begin bid ons grense en mure om mekaar en om situasies bou.

Die Bybel is propvol tekste oor God se beloftes oor beskerming en selfs hoe ons onsself kan beskerm. Lees maar die bekende **Ps. 91; Ef. 6:13-18** en **Jak. 4:7**.

Natuurlik wil God Sy kinders seën en beskerm. Maar baie keer veroorsaak ons eie ongeloof dat God se beloftes nie waar word in ons lewens nie (**Mat. 17:20; 21:21; Jak. 1:6,7**). Of soms is dit doodgewoon ook as gevolg van ons eie ongeduld om aan te hou, of bloot ongehoorsaamheid (**Heb. 6:12** en **Mal. 3:8-12**). Baie van ons probleme en mislukkings is as gevolg van ons eie foute en is nie God se wil vir ons nie.

Die feit dat God ‘n genadige God is beteken nie dat Hy nie ruimte maak vir ons verantwoordelikheid nie. God is in beheer. Maar die wette van saai en oes, oorsaak en gevolg, individuele verantwoordelikheid en vrye wil, bly altyd geld. Dit veroorsaak dat ook ons as Christene blootgestel is aan die negatiewe in hierdie stukkende wêreld van ons met sy stukkende mense.

Beskerming teen ongelukke, teen vernietiging en teen sataniese aanvalle, kom dus nie outomaties vir Christene nie. Daarom moet ons bid “Beskerm ons teen die bose” en daarom is dit so belangrik dat ons vir mekaar se beskerming gedurigdeur moet bly bid.

**Ps. 91:1** praat daarvan dat gelowiges letterlik onder die beskermende hand van God kan “dwell”. Ja, “*He shall spend the night under God’s shadow* …”

Kom ons bid dag vir dag vir mekaar se beskerming by God.

Soms gaan die Heilige Gees ons op spesifieke tye aanpor om vir mekaar te bid (**Luk. 4:18; 8:13**). Satan en sy magte kom immers baie slinks en strategies met versoekinge en aanvalle op baie goedbeplande tye in ons lewens (**Ef. 6:12; 2 Kor. 10:4; Ef. 6:18**). Dit is daarom vir my so ‘n troos dat ons gelei word deur die Heilige Gees wat in ons woon, om ons ook op daardie spesifieke tye te herinner om vir mekaar in te tree.

So skuif jy letterlik met jou gebed mense in onder die skaduwee van die Allerhoogste. Bou jy as’t ware ‘n sterk muur om hulle met ‘n deur waarop daar staan:” In Jesus se Naam, bly weg!”

## HOOFSTUK 4 Die Heilige Gees bid saam met ons

***Kom ons lees Joh. 14:26; Rom. 8:14-17; en Rom. 8:26 tot 28***

Elke keer as ek daaroor dink, staan ek verslae. Om te dink dat die lewende God self in my, as volgeling van Jesus, kom woon het ... In my lyf. Om my te lei. Om my Parakletos te wees, sê Jesus. My Helper.

**Rom. 8:28** is vir die meeste van ons so bemoedigend. Om te dink dat God elke ding wat met my en jou as volgelinge van Jesus gebeur, gebruik tot ons beswil, is mos 'n geweldige troos.

Maar ons moet nie die konteks van hierdie vers, en in die besonder dit wat hier in **vers 26 en 27** staan vergeet nie. "*Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*"

Eers dan volg **vers 28**: "*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is*."

Ek weet **vers 26** kan verwys na wanneer ons bid in ons hemelse taal, maar dit is nie al waarna dit verwys nie. Hier staan dat die Heilige Gees ons wil bystaan in ons "swakhede" of onvermoë om die gewenste resultate te kry as jy bid - veral as jy nou al vir lank vir 'n sekere ding bid, maar niks gebeur nie!

Soms lyk dit mos asof die berg waarvoor jy bid net nie wil beweeg nie. Dit is dan wanneer ons sukkel om presies te weet wat in hierdie situasie presies gebid moet word .

**Luk. 13:10 tot 16** vertel ons van so 'n geleentheid waar Jesus 'n vrou wat 18 jaar gely bedien met dit wat eintlik deel is van haar verbondsregte (kyk **vers 17**).

Soms sukkel ons aan in ons ellende omdat ons net nie weet wat in God se hart presies vir ons is nie!

Daarom is dit so wonderlik om te weet dat God se Gees in my lyf woon om my bewus te maak van wat my Hemelse Vader se plan in spesifieke situasies is.

**Gen. 28:10 tot 17** vertel vir ons van die geleentheid toe Jakob "toevallig" by Betel oornag het waar God sy lewe verander het.

Dink ‘n bietjie daaroor na!  Intersessie (paga) beteken ook dat die Heilige Gees in ons as ons intersessor optree om te sorg dat ons op die regte plek op die regte tyd is om die regte dinge te hoor of te vra.

Dit is letterlik asof ek en jy ons oë toemaak (om te bid) en ervaar hoe ons “blindelings skiet” en deure gaan oop, mense verander, geskiedenis word gemaak ... omdat God se Gees so getrou is.

Ons sien soms so min wonderwerke omdat ons so min wonderwerke verwag. Kom ons begin onder die leiding van die Gees bid dat dinge begin gebeur..

Natuurlik vra dit ‘n sensitiwiteit vir die Gees van God se stem asook ‘n gehoorsaamheid as Hy praat.  Daarom is dit so belangrik om te bid as die Heilige Gees sê jy moet bid, en bid waarvoor en hoe Hy sê jy moet bid, al maak dit vir jou op daardie oomblik nie sin nie.  Omdat jy weet dat die Heilige Gees daar is om jou te help ...  om jou letterlik by die hand te vat en te lei.

**Sag. 4:6** sê nie verniet “...  *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.*”

*Dit is soos daardie storie van die mier wat vir die olifant sê: Kyk hoe skud ons die brug saam!*

**2 Kor. 12:9** sê: “Sy antwoord was: ‘*My genade is vir jou genoeg.  My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.’ Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.*”

Vir daardie tye is dit ‘n troos om te weet die Heilige Gees bid saam met my, Hy sal my lei.  Vir maande as dit nodig is, totdat die deurbraak plaasvind (**1 Tim. 6:12**).

God wil jou gebruik.

Staan op en laat Hy jou gebruik.  Begin doen wat Hy jou wys om te doen.  Doen wat jou hand vind om te doen tree vir tree.

## HOOFSTUK 5 Wanneer ons bid, word dinge gebore

Kom blaai saam met my na ‘n paar Skrifgedeeltes, dan wys ek jou iets oor gebed wat jou so opgewonde gaan maak soos ‘n kind.

**1. Joh. 7:38**

"*Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*"

Die Griekse woord wat die Nuwe Vertaling hier met "*binneste*" vertaal het, is die woord koilia, wat ons ook met "baarmoeder" kan vertaal. M a w Geesvervulde gelowiges (met die Gees van die lewende God in ons lywe) is as't ware in ‘n sin God se baarmoeder op aarde.

Ons kan nie lewe genereer nie. Ons kan dit net "vrylaat", deur gebed byvoorbeeld, soos wat Hy dit gee! Ons praat mos soms van intersessors wat in "barensnood is" vir mense se redding!

Roep God aan en herinner Hom aanmekaar aan Sy beloftes aan jou. Tree in vir daardie mens en laat God jou deur Sy Gees lei hoe jy moet "asemhaal" in gebed, terwyl hier ‘n geestelike geboorte aan die plaasvind is.

Totdat God die wierrookbak met jou gebede omkeer en dinge begin gebeur daar waar ons dit kan sien.

**2. 1 Kon. 18:41-45**

Dit is daardie bekende gedeelte oor Elia wat gekniel en gebid het vir reën, en sewe keer sy dienskneg uitgestuur het om te gaan kyk of daar al ‘n wolkie in die lug is.

Wat hierdie gedeelte relevant maak in hierdie konteks is dat Elia hier die tipiese posisie ingeneem het van die vroue van sy dag as hulle geboorte gegee het!

Intense tye van gebed, onder die leiding van God se Gees in ons, kan wonders bewerk.

Natuurlik is dit nie ons wat hierdie dinge laat gebeur nie. Dit is God se werk deur Sy Gees. Hy is die Geboorte-Gewer van God (**Luk. 1:34,35; Joh. 3:3-8**). Hy is die Kragbron (**Hand. 1:8; 10:38; Luk. 4:14,18**). Hy was immers die krag agter die skepping daar in **Gen 1**. Hy is die Een wat lewe bewerk (**Gen. 2:7; Eseg. 37:9,10,14; Hand. 2:1-4**).

Maar wat vir ons belangrik is om raak te sien is dat ons gebede as't ware die geboorte-kanaal is waardeur baie van dit wat God wil doen as't ware "gebore kan word" (soos **Gal. 4:19** en **Jak. 5:18-20** ook uitwys).

**3. Gen. 1:1,2**

Hier lees ons in die Hebreeus dat die Heilige Gees ge-rachapf het, wat in die Afrikaans met "broei' of "sweef" ("hover" in die Engels) of selfs "bevrug" vertaal kan word.

Die betekenis is baie duidelik naamlik dat dit die Gees van God was wat hier lewe voortgebring het. Daarom noem **Ps. 90:2** dit 'n "geboorte" wat hier plaasgevind het.

As 'n mens in hierdie sin begin intree in gebed vir mense, dan sien ek hoe ons bid dat die Heilige Gees oor mense sal "hover" die hele dag en lewe in hulle sal "inblaas".

Van die wonderlikste verhale wat ek in die verband gehoor het is van wanneer gelowige vrouens op die wyse begin bid het vir hulle ongelowige mans! Op God se bevel het hulle selfs in die nag hulle mans- terwyl hulle slaap - gesalf met die gebed dat die Gees se salwing al die jukke sal losmaak en sal breek! (Al moet dinge partykeer eers vir 'n tyd slegter gaan voordat dit begin goed gaan!)

**4. Deut. 32:10-18**

God sien dat Abraham en Sara steriel is. Maar dan "hover" Hy oor hulle (**vers 11**) en skielik is daar lewe en word 'n nuwe nasie uit hierdie twee ou mense gebore.

**5. Luk. 1:35**

Hier kry ons 'n soortgelyke prentjie as ons lees hoe die Heilige Gees Maria "oorskadu" het (in die Grieks is die woord episkiazo (wat die Griekse weergawe is van die Hebreeuse woord, rachapf, wat ons net nou reeds gehad het).

**6. Hand. 5:15**

Hier lees ons van daardie bekende "skaduwee" van Petrus wat so oor mense geval het en dan het hulle gesond geword!

Maar ek en jy weet dat dit nie in werklikheid Petrus se skaduwee was wat die verskil gemaak het nie. Dit was eintlik die Heilige Gees wat Petrus so omring het wat die genesing en nuwe lewe bewerk het.

**7. Joh. 11:33-34**

Ons lees in hierdie gedeelte: "*Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan.*"

In die Grieks vind ons hier die woord tarasso wat in Engels met "troubled" of "stir up" of "travail" vertaal kan word. Dit is eintlik daardie selfde aksie wat in 'n

wasmasjien gebeur as dit die wasgoed heen en weer karring totdat dit silwerskoon is.

Jy weet wat die gevolg hiervan was: Lasarus is letterlik uit die dood uit "gekarring".

**8. Mat. 26:38**

Jesus is besig om te bid in Getsemané. En al het dit bloed gekos en gevoel Hy gaan dood in die proses, het die verlossing en die oorwinning wat Hy namens my en jou kom bewerk het, reeds hier begin.

**9. Gal. 4:19**

"*My kinders, ek verkeer van voor af weer in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry.*"

Paulus is besig om hier te bid in die Gees vir mense. Soos ek en jy tans besig is om te bid vir mense.

Sodat geestelike geboortes en bonatuurlike deurbrake kan plaasvind deur God se genadewerk in hulle lewens.

Mag God gee dat dit spoedig gebeur!

## HOOFSTUK 6 Gebed is soms ‘n gestoei

Om op ‘n punt te kom waar jy net oorgee, waar jy soos Jesus bereid is om vrywillig te sê: “Here, nie my wil nie, eerder U wil”, gebeur meestal eers na ‘n geweldige gestoei met God.

Is dit in jou lewe ook so?

Jakob kon hiervan getuig.

Blaai saam met my na **Gen. 32:24 tot 32** waar van hierdie betrokke gebeure in sy lewe vertel word.

Kom ek maak ‘n paar opmerkings oor wat ons hier lees:

- Dit is insiggewend dat hierdie soort gestoei met God soveel keer in die nag plaasvind. So asof dit eers donker genoeg moet wees voor ons bereid is om te soek na ander oplossings as díe waarvan ons tot dusver oortuig was.

- In Jakob se geval het hierdie gestoei met God by die Jabbok-rivier plaasgevind. Ek weet nie of jy weet nie, maar die woord “jabbok” beteken op “uitgespoel te word” of “leeggemaak te word” – van jouself, natuurlik.

- Vir Jakob het dit letterlik gevoel asof hy met hierdie “Man” stoei. In die Hebreeus is staan daar “ish”, wat ook met “kampioen” vertaal kan word. En dit ontdek jy as jy met God self begin “stoei”! Hy ken al die grepe. Jy het dus nie ‘n kat se kans nie. Êrens sal jy moet oorgee. Jy moet letterlik net besluit wanneer jy genoeg gehad het.

- Terwyl Hy met jou stoei, is Hy natuurlik besig deur Sy Gees om jou te leer om vir elke greep wat die vyand, of jou vlees, of later van tyd die dood, wil gebruik om jou mee te pen, ‘n teengreep aan te leer!

- Dit is ook belangrik om te besef waarmee jy eintlik aan die stoei is. Jy stoei nooit met God se krag nie. Ons is altyd besig om met God se liefde te stoei. En daardie liefde het net een oogmerk en dit is om jou nie te los soos jy tans is nie, maar om jou meer en meer te verander na die beeld van Jesus, Sy Seun.

- Soms duur dit ‘n hele nag … Omdat ons soveel het om deur te werk. Maar ook omdat ons vlees so geweldig in rebellie is.

- Soos Jakob gaan ons ontdek dat God ons nie wil doodmaak nie, maar eerder wil seën in die proses. Die maskers moet af en die vlees moet dood, maar God wil ons seën … soos vir Jakob. Hy wil jou ook verander van "aardsbedrieër", na Israel, "vegter", of "daar waar God nou heers".

- Soms beteken dit dat jy eers moet besef, soos Jakob, dat jou hele lewe tot hier 'n groot bedrogspul was, en dat jy letterlik leeggetap moet word in so 'n gestoei met God. Sodat God jou kan vul met Sy hart en Sy Gees sodat jy kan lyk na Sy Seun (**2 Kor. 3:18; Gal 5:16-25; Ef. 4:22-24**).

- Soms hou ons te vinnig op met bid. Los ons God in die gestoei te vinnig. Maak tyd vir God om dit wat Hy in jou lewe wil doen, te doen daar waar jy besig is met Hom. Om op 'n punt te kom waar jy kan oorgee aan God, aan Sy planne vir jou, sodat dit uiteindelik net vir jou oor Sy koninkryk en Sy wil kan gaan.

- Hierdie gestoei het Jakob se heupsening gekos. Dit is insiggewend, want "sening" is in die Bybel die simbool van die rebellie, wat weer op sy beurt sonde in ons lewe tot gevolg het. God wil dus hierdie gees van rebellie in ons, tot totale oorgawe dwing. Al kos dit 'n gestoei die hele nag deur. (Lyk vir my in party van ons se lewens kan dit soms nog baie langer as dit duur!)

Iemand stuur my hierdie gepaste storie van 'n klein dogter wat aangedring het by haar ma om vir haar hierdie stringetjie pêrels te koop … vir R19.95! Natuurlik nagemaak, maar dit was nie vir haar so belangrik nie, want hulle was vir haar tog te mooi!

Haar ma koop dit toe vir haar, nadat hulle ooreengekom het dat sy so 'n bietjie ekstra takies daarvoor sou doen. Van daardie dag af dra sy dit feitelik elke dag, elke oomblik van die dag, as dit enigsins moontlik was.

Een aand kom haar pa by haar en vra haar of sy hom werklik lief het, en as sy het, of sy nie vir hom hierdie pêrels wou gee nie. Natuurlik wil sy dan nie, en bied eerder haar oulike speelperdjie vir hom aan, wat hy dan met groot liefde nie aanvaar nie.

So 'n week later vra hy haar weer dieselfde ding, en hierdie keer bied sy vir hom haar mees geliefde poppie aan, wat hy weer nie aanvaar nie.

So 'n aand later kry hy haar in die kamer op die bed met trane in haar oë, en toe hy haar vra wat fout is, steek sy haar hand na hom toe uit met die stringetjie pêrels daarin. "Dit is vir jou, Pappa" sê sy dan.

Onmiddellik steek hy sy hand is sy sak, en haal ‘n blou fluweel sakkie, met ‘n stringetjie egte pêrels in, uit wat hy dan vir haar gee.

Hoeveel keer klou ons so vas aan dinge wat vir ons so kosbaar is. Soms kos dit selfs ‘n gestoei om op ‘n punt te kom net om dit te los, en oor te gee, om dan te ontdek dat God lankal reeds vir ons iets baie meer wonderliks het om te gee. Sy dit in ons verhoudinge met mense, of in die dinge waarmee ons ons elke dag besig hou.

Natuurlik stoei ons nie net altyd teen God nie. Soms ontdek ons ons stoei met die donker en sy magte ook, soos **Jak. 4:7** van praat. Dit is waarom dit vir ons noodsaaklik is om sensitief te wees vir die Gees van God, Sy stem en leiding in ons lewe, dat Hy ons bewus kan maak van die vyand en sy taktiek (**2 Kor. 2:11**).

Sommige gelowiges praat van hierdie gestoei met die bose en sy magte as “geestelike oorlogvoering”. Maar ons moet mooi verstaan wat ons sê as ons praat van “oorlog”. Ons moet verstaan dit gaan nooit daaroor om die bose te “probeer oorwin” nie. Hy is klaar oorwin. Dit het immers reeds aan die kruis gebeur (**Gen. 3:15; Ps. 2:9**). Wat nou moet gebeur is dat dit wat Christus reeds bewerk het, moet nou vrygestel en afgedwing word. Wat Hy reeds voorsien het, moet nou in geloof aanvaar en op gehandel word (**1 Tim. 6:12**).

Deel van ons gestoei met die bose is dus om jou erfenis wat Christus reeds vir jou behaal het, terug te vat uit die hande van die wêreldsisteme, of uit die hande van jou vlees, of uit die hande van die bose.

Op hierdie aarde van ons is ons as verloste kinders van God in Jesus reeds verlos van die outoriteit van die bose oor ons lewens, maar ons loop ons telkens nog vas teen sy krag en sy vermoëns (**Kol. 1:13; Luk. 10:19; Kol. 2:15**).

Hy is nog steeds soos ‘n leeu opsoek na mense om te vernietig, wat hy wil besteel en selfs wil doodmaak as hy kan. Hy skiet nog steeds met vurige pyle (**Ef. 6:16**).

Daarom moet jy nooit waag om rond te loop of hom aan te vat vir ‘n stoeigeveg sonder jou wapenrusting nie!

Ek wil afsluit.

Soms is deel van hierdie gestoei, ‘n wag op die Here. Maar dan ‘n wag in vertroue, soos **Ps. 62:1 en 2** van getuig.

Of dalk is dit ‘n soeke na ‘n meer intieme verhouding met God (soos **Ps. 33:20** van getuig).

Ek weet nie van jou nie, maar vir my is om te wag self maar ‘n gestoei as gevolg van hierdie ingeboude stuk ongeduld in my.

Maar God het Sy tyd.  En Sy terme.  En Sy metodes.  (Kyk maar **Jos 6** as voorbeeld).

En as dit dan ‘n gestoei kos om jou in pas met Sy hart te bring, kan jy jou maar klaarmaak daarvoor.

## HOOFSTUK 7 Gebed trek die sluiers oop in mense se lewens

Kom lees saam met my **2 Kor. 4:3-6**: *"As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is. Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus. God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal."*

Soms kyk ek met verbasing terug oor my eie lewe, en dan weet ek dit wat in hierdie paar verse staan is die waarheid. Ook in my eie lewe was dit letterlik soos 'n sluier wat verhoed het dat ek kon sien en verstaan …

- Voor ek Jesus persoonlik ontmoet het as persoonlike Verlosser en lewende Here, was ek vasgevang in godsdiens. Eintlik was ek, soos die Skrif sê, in werklikheid blind en dood. Maar, Goddank, Lig het deurgebreek en skielik kon ek sien
- Ook na my wedergeboorte en bekering het ek telkens seisoene beleef wat God gekom het en nog ander sluiers kom afhaal het wat my uitsig versper en my gevange gehou het in bepaalde foutiewe sieninge en leuens

As die sluier eers af is, het 'n bepaalde openbaring deurgebreek … en het God iets van Sy waarheid aan ons bedien wat ons vrygemaak het.

As ek en jy bid vir mense, word ons in die proses deel van God se manier om die sluier oor mense se gees en verstand oop te trek, sodat hulle kan sien … en kan verstaan.

Leuens trek alles skeef en maak dat mense dinge verdraaid sien en nie verstaan nie. Soos die vrou wat probeer wegjaag het vir 'n vragmotor wat haar heelpad gevolg het. Uit vrees. Uiteindelik stop sy by 'n polisiestasie en spring uit. Net om te sien hoe die vragmotorbestuurder ook stop en toe 'n dief, wat sonder haar medewete op die agterste sitplek van haar motor weggekruip het, uit haar motor pluk. Toe eers besef sy: Sy het heeltyd van haar verlosser weggejaag!

Mense het lig nodig om werklik te kan sien (**2 Kor. 4:4**). Om tot nuwe insig en 'n ware bekering te kom in hulle lewens.

Dit is werklik asof hulle oë vir die eerste keer oopgaan. In **Hand. 26:18** is Paulus besig om te vertel hoe God sy oë oopgemaak het en toe vir hom die volgende opdrag gegee het: "*Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.*"

Daar is 'n verskil tussen informasie en openbaring. Informasie bedien net 'n mens se verstand, terwyl God ons gees met 'n openbaring bedien wat natuurlik ook dan deurbreek en ons verstand en die res van ons menswees bedien (lees gerus **Ps. 119:18** in die verband).

Dit is soos saad wat in ons gesaai word, wat dan begin vrug dra deur die werking van God se Gees in die res van ons lewe.

Dit is mos asof mense blind is (**2 Kor. 4:4**). Wat maak dat hulle dink hulle weet alles, of dat dit wat hulle glo reg is. Dit kan selfs maak dat mense nie eers meer wil luister na ander nie, en ook nie werklik oop is vir nuwe insigte nie.

Daarom is dit so belangrik dat ek en jy, as ons begin bid vir mense, dit reg sal doen. **2 Kor. 10:3 tot 5** is deel van God se strategie ook wat dit betref. Prakties beteken dit net dat ons onder die leiding van die Gees van God, werklik moet besef hierdie soort mense nie met allerlei redenasies en Bybelversies oortuig word nie. Nee, net God se Woord-dinamiet gaan hierdie mure en vestings wat oor jare gebou is, werklik vernietig.

Die Skrif leer ons immers hoe die vyand oor jare sienings, menings, paradigmas en teorieë bou in elkeen van ons se lewens, wat soos vestings word van waaruit hy ons lewe – op daardie bepaalde gebied – regeer en beheer met sy leuens.

Dit is net God wat hierdie vestings met die dinamiet van die Waarheid van die Woord uitmekaar kan skiet en so ons "gedagtes kan vernuwe" (**Rom. 12:2**). Net Hy kan ons teorieë en paradigmas ontbloot as leuens en vervang met waarheid. Net Hy kan ons bewus maak dat ons trots ons verhoed het om by die waarheid uit te kom. Net Hy kan bepaalde skemas en planne ontbloot as dat hulle hul oorsprong in die hel gehad het.

Dit is waarvoor ons moet bid vir mense.

Ons moet bid dat God se Gees – terwyl ons bid – ons sal lei om reg te bid, maar ook in die proses ons sal wys watter waarheid die geestelike dinamiet sal wees wat gevestigde mure in mense kan stukkend skiet sodat hulle vry kan word.

Maar ons moet ook bid dat God self deur Sy Gees mense gereed sal maak om te verander.

Sodat wanneer Hy ons in hulle lewens wil gebruik, hulle ontvanklik en oop sal wees vir mense wat hulle persoonlike binne-ruimtes gaan instap en die sluiers gaan oopskuif sodat die Lig van God hulle lewens kan verlig.

Hierin is ons net God se medewerkers (**2 Kor. 6:1,2**).

## HOOFSTUK 8 Niks keer God se lig nie

Dit is merkwaardig hoeveel keer God se werk, Jesus self, en gelowiges as "lig", "Lig" en "mense van die lig" beskryf word.

Blaai saam met my na **Joh. 1:1-5** as voorbeeld: "*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie…*"

Hierdie Lig verdryf die donker. Niks kan dit keer nie.

Nou die oggend word ek vieruur die oggend wakker en weet ek net ek en my mense word vanuit die onsigbare wêreld aangeval. Dit was asof ek weer daardie selfde gevoelens beleef soos jare gelede op die grens toe ons onder mortiere gesteek is... Dat ek moes opstaan en begin bid dat God, wat hierdie vyand reeds in Christus Jesus totaal verslaan het, my moet help om my vrede hier terug te kry … Dat Hy hier die vyand moet terugdryf. Of, eerder, dat ek, gelowig, op grond van die oorwinning van Jesus en my erfenis in Jesus, in die Naam van Jesus, die vyand moet aanspreek om pad te gee. Sodat Jesus, die Lig, die duisternis kan verdryf.

Die prentjie waarmee God my vrede herstel het daardie oomblik was dié van die aarde wat al tollend deur die ruimte trek … En in die proses al hoe meer terugdraai na die lig. Al was dit op daardie oomblik vieruur in die oggend en nog stikdonker buite, was die lig van die son en die nuwe dag aan die kom. Niks en niemand kon dit keer nie.

Jesus was God se Lig wat aarde toe gekom het (**Joh. 1:4 en 5**). Daarom, as Jesus 'n plek binnegekom het, was dit die Lig wat daardie plek binnegekom het, en het die duisternis nie 'n kans gehad nie. Niks kon dit keer nie. Daar was net skielik lig.

Ook met die kruisgebeure, toe Hy met die onsigbare magte van die dood die finale geveg aanknoop het om die verlossing vir die wêreld en sy mense te bewerk, en in die proses moes sterf, het dit vir drie ure donker geword.

Maar Hy het oorwin en opgestaan. En nou is ons hierdie lig, want die Lig is in ons … deur die werking en inwoning van God se Gees … deur die verlossing en nuwe lewe in ons.

Daarom noem die Bybel ons "mense van die lig" en "lig".

Natuurlik raak dit alles wat gebeur as ons bid.

Om dit te illustreer wil ek aansluit by ‘n vers daar in **Job 36:32**: “*Hy vat die weerlig in sy hand en stuur dit op die doelwit af.*”

Die een werkwoord in die Hebreeus, paga, wat “bid” in sekere kontekse beteken, kan ook “die kol tref” beteken.

Die prentjie van “bid” wat dit wakker maak in my kop is dat “bid” is soos om ‘n vergrootglas te vat en die son se lig te fokus daar waar jy wil hê dit moet brand. Of, anders gesê, “bid” is soos om God te vra dat Hy, in ‘n figuurlike sin, tog Sy “weerlig” sal stuur om dinge te laat gebeur waar dit moet gebeur.

Aangrypend. Veral as ‘n mens dink dat weerlig ‘n bondel lig-energie is wat tot 30 000 grade Celius “warm” kan wees.

G’n wonder **Ps. 68:2** sê: “*Soos rook wegwaai, so dryf U hulle weg; soos was in vuur smelt, so gaan die goddeloses tot niet as God verskyn*.”

En **Ps. 97: 5** sê: “*Berge smelt soos was voor die Here, voor die Here van die aarde.*”

G’n wonder **Heb. 12:29** sê “ *…ons God is ‘n verterende vuur*” nie.

**Luk. 10:18-20** sê dat toe Satan uit die hemel gegooi is, was dit soos weerlig waar jy kyk! Die Lig van God het eenvoudig die donker, en die verpersoonliking van alle donker, uit die hemel “geskok”!

Daarom sê **1 Joh. 1:5 tot 7** ons moet ophou speletjies speel. Hoor hoe sê hy dit: “*Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde*.”

Maar dit het ook geweldige implikasies vir wanneer ons in die Naam van Jesus onder die salwing van God se Gees moet optree. Hoor maar wat sê God vir Esegiël, die profeet, daar in **Eseg. 21:9,10,14 en 15**: “*Mens, tree as profeet op, sê: So sê die Here! Roep: Swaard, swaard! Hy is skerpgemaak en blinkgevryf, hy is skerpgemaak vir die slagting, hy is blinkgevryf om soos weerlig te blits! Of moet ons bly wees oor die koninklike septer wat geen boom ontsien nie, my seun? … Maar jy, mens, tree op as profeet, slaan jou hande inmekaar. Laat die swaard twee keer, drie keer swaai. Dit is ‘n swaard wat mense doodmaak, ‘n groot swaard wat doodmaak, hy deurboor mense. Hy laat moed wegsmelt, hy vermenigvuldig die gesneuweldes. Ek laat die swaard ‘n slagting aanrig in al hulle stede. Hy is gemaak om te blits, hy is vasgevat vir die slagting…*”

God se Woord in die profeet se hande was asof hy die swaard van God se oordeel letterlik rondgeswaai en hanteer het.

Kom ons trek dit onverskrokke deur na ons vandag as kinders van die lewende God in Jesus. Daar waar ek en jy op grond van God se bevele en met Sy outoriteit optree, praat of bid, is dit wat ons bid of sê in Sy Naam, soos 'n swaard van lig, soos weerlig, wat gefokus doen wat God wil dat daar gedoen moet word.

As ons Jesus aanneem as Verlosser en Here word ons lig. Soveel so dat Jesaja kan sê oor God se mense: "*Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid. Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het.*"

In **Ef. 5:8** beaam Paulus dit Nuwe Testamenties: "*Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig*."

Intersessie, om te bid, is soos om God se lig los te laat daar waar dit donker is in situasies of mense se lewens.

Terwyl ons bid, moet ons nooit vergeet hoe sterk hierdie lig in ons is deur God se Gees nie. Hierdie lig het klaar die duisternis oorwin. Donker moet padgee voor hierdie lig.

**2 Kor. 4:6 en 7** sê dat God se shekinah-heerlikheid in ons is: "*God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal. Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.*"

Ons is soldate van die Een wat genoem word, Lig.

Gaan, konfronteer onbevrees die donker in en om jou in Sy Naam waar Hy jou opdrag gee.

## HOOFSTUK 9 Aksies en woorde "in Jesus se Naam" laat dinge gebeur

Ons lees soms 'n ding in die Bybel en sê dit selfs honderde keer vir mekaar sonder om werklik die geweldige implikasies daarvan te verstaan nie.

'n Voorbeeld hiervan is dit wat daar in **2 Kor. 6:1** staan: "*As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.*"

***Ek en jy is God se medewerkers …***

Ek het so onder die indruk daarvan gekom dat dit wat ek bid en gehoorsaam na-sê en –doen, soos wat God my sê, êrens inpas in dit waarmee Hy besig is.

Kyk maar byvoorbeeld wat daar in **Eseg. 37** plaasvind.

Soms vra die Here bepaalde profetiese aksies en deklarasies van ons waar ons die dinge, wat in God se hart is, moet uit-sê of doen. Om so as't ware 'n "pad voor te berei en gereed te maak" vir wat God volgende gaan doen (vgl **Jes. 40:1 tot 5; 62:10**).

Daar waar ek en jy in gehoorsaamheid en in geloof handel en praat, is daar altyd reaksie van God se kant af.

Dit is asof ons gehoorsame aksies en woorde, letterlik die vensters en deure oopmaak sodat God kan inkom om te doen wat Hy wil doen.

Dit is hoe Hy gekies het dit moet wees.

God kom letterlik in beweging daar waar ons nie kan sien nie, as ons Sy Woord in gehoorsaamheid (op grond van Sy opdrag aan ons) bid, of sê of doen in 'n bepaalde situasie hier op aarde.

Dit klink amper heiligskennis as 'n mens dit sê, maar ons sien dit male sonder tal gebeur in die Skrif. Kom ek noem 'n paar sulke voorbeelde:

- In **Eks. 14:21** steek Moses sy staf uit oor die see en God verdeel die water
- In **Eks. 17:9 tot 13** lees ons as Moses sy staf op die berg omhoog hou, bewerk God die oorwinning in die oorlog
- In **Eks. 17:6** slaan Moses die rots - omdat God so gesê het – sodat daar water kan wees. Hoe logies is dit nou eintlik!

- In **2 Kon. 13:14 tot 19** lees ons hoe 'n koning met sy pyle 'n paar keer op die grond slaan en dit bepaal hoeveel keer God oorwinning oor die vyand gaan gee

- **Joh. 9:6 en 7** en **2 Kon. 5:10 tot 14** is van die gevalle waar genesing plaasvind omdat mense doodgewoon in gehoorsaamheid gaan doen het wat God gesê het

Dan is daar natuurlik hoevele voorbeelde waar mense profeties bepaalde deklarasies moes maak en letterlik namens God moes sê wat Hy wil wat moet gebeur. Waar hulle letterlik Sy stem word:

- **Jer. 6:18,19; 22:29**

- **1 Kon. 17:1,13-16**

- In **Rom. 1:16** beskryf Paulus die evangelie as 'n krag van God wat letterlik net vrygelaat moet word (wanneer ek en jy daaroor getuig teenoor mense)

- **Jes. 55:11** – Hierdie man se woorde is My woorde, sê God. Hy is My stem!

Dit is aangrypend dat die Griekse woord wat ons met "getuig" vertaal die werkwoord homologeo is wat letterlik "om dieselfde te sê" beteken.

En dit is presies wat getuig is. Bybelse getuienis is om presies dieselfde te sê as wat God sê. Alleen dan is ons getuienis effektief en word ons getuienis en woorde God se woord aan mense.

Die Bybel gaan selfs verder en beskryf dit dan as "saad" wat ons in mense se lewens saai. So word dit God se manier om nuwe lewe te reproduseer in mense se lewens deur Sy Woord. En word dit deel van Sy manier om mense te wederbaar (**1 Pet. 1:23**); of om hulle skoon te maak (**Joh. 15:3**); of om hulle volwasse te maak (**Mat. 13:23**); of om hulle te verlos (**Joh. 8:31,32**); of te genees (**Ps. 107:20**).

**Job 6:25** help ons om te verstaan dat ons woorde God se beloftes verseël (marats is die Hebreeuse werkwoord). Soos wat iemand in die Naam van die koning, met die seëlring van die koning, dokumente verseël.

**Pred. 12:11** help ons verstaan dat ons woorde soos spykers is wat ingeslaan word wat dinge finaal vaskap en vasmaak. So maak ons woorde soms God se woorde "vas" in 'n bepaalde situasie – wanneer ons in gehoorsaamheid sê wat God wil hê ons moet sê.

**Eseg. 37** help ons verstaan dat ons God se medewerkers word waar ons biddend en profeties begin lewe spreek as God so sê.

Hoeveel Christene het nie met die muur in Berlyn oor die jare gaan "praat" nie, omdat God so gesê het. En op 'n dag het dit geval!

Hoeveel Christene bid tans "Genees ons land", of "Bring herlewing" omdat hulle ervaar dit is nou wat in God se hart is.

In my eie persoonlike lewe het ek belewe dat God my roep om dit wat daar in **Jes. 62:10** staan te doen: "*Gaan uit, gaan uit by die poorte, maak die pad gereed vir die volk! Vul die grootpad op, vul dit op! Vat weg die klippe! Steek 'n banier op dat die volke dit kan sien!*"

Wat ek hieronder verstaan is om soos God se Gees my lei, die ou Bybelse waarhede, wat vir my nuut geword het, aan mense te bedien en dan in die proses te sien hoe God die verhoog self sal voor berei vir dit wat nou in Sy hart is.

Daarom roep ek jou vandag op as medewerker van God om te begin doen wat jy moet doen. Om te bid as jy moet bid. Om te praat as jy moet praat. Om 'n belofte van God profeties te begin nasê in bepaalde situasies, al voel dit hoe "onnosel" en totaal onlogies.

Ons is immers God se medewerkers, Sy stem, wat Hy wil gebruik.

**2 Kor. 5:18-6:2** sê immers: "*Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees. As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie. Hy sê: "Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp." Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.*"

## HOOFSTUK 10 Ons verander terwyl ons bid

Soms bid ons maar dit lyk en voel nie asof daar iets gebeur nie.

Dit is natuurlik nie waar nie. Ons weet teen hierdie tyd daar gebeur altyd iets as ons bid. Al gebeur dit net in ons eie binneste.

Ek vra baie keer vir mense waarom bid ons eintlik. Dit is tog nie dat God nie weet van die dinge wat ons aan Hom sê of vra nie. Hy weet lankal al hierdie dinge en boonop weet Hy ook wat ons dink. Waarom is dit God se hart dat ons nogtans moet bid … moet praat … moet vra?

Lyk vir my deel van die antwoord lê in dit wat in my en jou gebeur as ons bid. Daarom wil ek graag 'n bietjie hierop konsentreer.

Dit tref my hoeveel keer die Bybel God en om in Sy teenwoordigheid te wees, beskryf as vuur en om in die vuur te wees. Kom ek wys jou so 'n paar voorbeelde:

- **Heb. 12:29** – "*…ons God is 'n verterende vuur*."
- **Jer. 23:29** – "*My woord is soos vuur, sê die Here, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word*."
- **1 Pet. 1:5-7** - "*En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus*."

Om in God se teenwoordigheid te wees – ook wanneer jy net daar is om met Hom in gebed te praat - is soos om in die vuur te wees waar al die gemors in jou stelselmatig weggebrand word.

Natuurlik wil God jou nie vernietig nie, maar eerder jou net in die proses reinig, genees, versterk, laat groei tot meer volwassenheid en selfs nog groter vrugbaarheid as gelowige.

Elkeen van ons moet nou maar eerlik gaan sit en dink wat "al hierdie gemors" in jou lewe kan wees. Miskien is dit jou eie planne, hoe jy dink dinge moet gebeur, of wat jy as die oplossings beskou.

Jeremia teken vir ons waar God ons met sy tang vat, ons in die oond steek en daar hou tot ons rooi-warm is. Dan haal Hy ons uit en sit ons neer op Sy aambeeld, net om ons dan te slaan totdat ons presies die vorm aangeneem het wat Hy wil hê.

***Oe, eina!***

Ek hoop jy hoor pyn, beheer verloor in bepaalde situasies, intense druk en dramatiese verandering.

Welkom in God se vuur ook wanneer jy bid.

Natuurlik voel ons daar in die vuur asof God ons verlaat het en asof ons met die dak praat. Maar as ons aanhou, getrou aanhou bid en praat – al bly ons vir rukke stil vanweë die pyn – ontdek ons, soos Daniël en sy vriende, dat Jesus daar by jou is in die vuur die heeltyd deur Sy Gees is. Jy is nie alleen nie.

Daardie tye wat jy bid en dit so alleen voel, so voel asof God myle weg is, is Hy daar.

Petrus troos ons verder as hy ons bewus maak dat daar kosbare dinge binne-in ons gebeur daar in die vuur.

Om te verduidelik wat hy sê, is dit nodig om 'n ander vers daar uit **Openbaring 3:18** by te trek, waar daar staan: "*Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien*"

Dit is eintlik aangrypend wat hier staan. Sekere dinge gee God verniet, uit genade. Dinge soos die ewige lewe, ons volkome verlossing in Jesus, Sy Heilige Gees in ons, vrede, vreugde, ens. Maar sê **Open. 3:18**, daar is ander dinge wat ons by God as't ware moet koop: Goud wat gelouter is deur die vuur.

Wat bedoel die Here hiermee?

Lyk vir my hierdie "goud" is ten minste twee dinge:

- Hierdie goud is gelouterde geloof. Dit waarvan Petrus daar in **1 Pet. 1:7** praat. Waar ons, as't ware uit die vuur na 'n tyd van worsteling gestap kom met 'n baie sterker geloof as waarmee ons daardie situasie ingegaan het.

- Hierdie goud is ook ‘n gelouterde karakter.  Soos Job daar in **Job 23:10** sê in die Ou Vertaling: “*Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom*.” Midde die krisisse en worstelinge gaan God deur die werking van Sy Gees meer en meer van Christus in jou wese inbrand sodat mense werklik meer van Jesus in jou lewe sal sien as hulle na jou kyk.

Maar dit kom nie verniet nie.  Ons betaal daarvoor ‘n prys.  Sy dit die persoonlike pyn en geduldige vasbyt totdat dinge begin gebeur waarop jy hoop en glo.  Of doodgewoon die oefening van gelowig jou oë net op Jesus te hou, Hom te bly vertrou totdat Hy ‘n uitweg gee of die deurbraak gee in ‘n saak waarvoor jy bid en Hom voor vertrou.

Natuurlik gaan daar midde so ‘n tyd van toetsing en beproewing daar in die vuur, gereeld tye wees wat jy ‘n keuse sal moet maak.  Wat jy moet kies om of op te hou glo en bid, en sommer net opgee; of kies om aan te hou totdat die Here geantwoord het en die deurbraak bewerk het, en jy goud in jou hand het.

## HOOFSTUK 11 Ons word gesoute gelowiges in die vuur

Ek wil begin waar ek laas opgehou het. Kom ek haal ‘n paar verse uit **Open. 3:14 tot 22** aan:

“*Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. Julle sê: “Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie,” en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien. Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het*.”

Een van die moeilikste vrae om te beantwoord is die vraag: Hoekom gebeur slegte dinge soms ook met gelowiges?

Soos ek sê, is dit werklik vir my ‘n moeilike vraag om te beantwoord. Maar tog wil ek waag om vandag met jou een van die baie antwoorde op hierdie vraag met jou te deel terwyl ons oor gebed gesels.

Kom ons kyk net eers wat hier aan die gemeente in Laodisea geskryf word. Hierdie gemeente het met die tipiese dinge geworstel waarmee ek en jy in ons moderne wêreld elke dag worstel. Naamlik om elke dag in situasies te kom waar ons so maklik bloot toegee en konformeer met wat rondom ons aan die gang is, sonder om die implikasies daarvan mooi te bedink.

Dit gebeur letterlik sonder dat ons daarvan bewus is. So sypel materialisme, hedonisme (waar alles net gaan oor wat vir my plesier en genot verskaf), en amper ‘n ongevoeligheid vir ander se nood in ons lewens in.

Gewoonlik gebeur dit in situasies waar ons as gelowiges met redelik gemak aanvaar word waar ons woon of werk, en ons dus nie geweldig vervolg word of swaarkry omdat ons Christene is nie.

Dit is tipies soos dit tans in die meeste Westerse lande die geval is. Die gevolg is dat gelowige Christene baie gemaklik en sekuur raak. Wat weer op sy beurt maak

dat mense so maklik kan verval in 'n gemaklike lou-warm, selfgesentreerde, kragtelose verhouding met God en met die mense om hulle.

Die anderkant van die prentjie is egter dat ons juis in sulke tye deure en vensters in ons lewe oop maak waardeur die vyand kan kom om by ons te kom steel wat kosbaar is in ons lewens. En as dit gebeur is dit werklik asof ons letterlik wakker skrik om te ontdek dat die wêreld rondom ons aan die brand is.

Ek glo die ellendige dinge wat dan begin gebeur is die vyand se werk. Maar ek glo ook dat God op 'n besondere manier in daardie tye met ons besig raak. Ja, dat Hy hierdie aanvalle van die vyand op ons lewe gebruik as vuur om ons te louter. Om, soos hier in **Openbaring 3** en daar in **1 Pet. 1:4 tot 7** staan, om ons geloof en ons karakter te louter daar in die vuur.

Kom ek sê dit anders. En ek wil hê jy moet mooi oplet hoe ek dit sê, want ek het baie probleme in my gees met die gewone manier van sê waar ons so maklik vir mekaar sê "Dit is God se wil dat dit … of dat … gebeur het!

Ek voel persoonlik dat dit Bybelse meer korrek is om te sê: In Sy genade maak God ruimte vir hierdie gebeure in ons lewe. Gebruik God dit wat daar met ons gebeur as vuur in ons lewens: sy dit bepaalde finansiële uitdagings, of ten tye van siekte, of in krisisse in ons verhoudingslewe.

Dit is mos die tyd wat ons weer met erns na God begin roep in gebed. Daar voor God in gebed, beleef ons dan hoe die Here met ons begin besig is. Dit is daar, asof in die vuur, wat ons beleef hoe die skille van ons oë en verstand afgebrand word - wat gemaak het dat ons nie mooi kon sien en nie mooi kon onderskei wat werklik belangrik in die lewe is nie.

Soms neem dit tyd. Soms bid ons vir redding en oplossings, maar dit kom nie. Wag ons, en oënskynlik gebeur niks nie.

Maar agter die skerm, daar waar ons nie kan sien nie, in ons, is dinge aan die gebeur: Daar groei weer 'n honger vir God se aanraking. Daar ontdek ons weer, deur die werking van God se Gees, hoe ons daardie vroeëre intimiteit, byna verliefdheid op God, gemis het. Hoe ons daardie vroeëre entoesiasme en vuur weer begeer.

Daar in die vuur word ons geloof gelouter en word ons weer geleer om vas te byt en te bly vertrou op God, op Sy Woord, en op Sy onveranderlike liefde vir ons.

**Markus 9:47 tot 50** sluit in hierdie sin baie nou hierby aan. Daar staan: "*En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi word. Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie. Almal sal met die vuur van beproewing gelouter word. Sout is goed, maar as sout sy krag verloor het,*

*waarmee sal 'n mens dit weer sout maak? Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe.*"

Die Griekse woord wat hier vertaal word met "hel" is die woord Gehenna. Nou Gehenna was die naam van die ashoop buite die stad Jerusalem. Koning Josia het daar die altare vir allerlei ander gode gaan vernietig tydens sy reformasie. So het dit die plek geword waar die gemors van die stad verbrand is. Dit was letterlik dus die stad se verbrandingsoond wat letterlik dag en nag gebrand het, waar al wat gemors was – terwille van goeie gesondheid en lewe – verbrand is.

So het Gehenna ook die naam geword vir die vuur van die hel eendag. Waar God se heiligheid al wat onheilig is aan die brand gaan steek en aan die brand gaan hou.

Die Ou Afrikaanse vertaling vertaal **vers 49** soos volg: "*Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word.*"

Reeds in hierdie lewe gaan ons elkeen soms tye beleef wat God in Sy heiligheid met ons besig raak. Dit gaan werklik wees soos vuur wat deur ons lewens in bepaalde areas gaan. In die proses gaan daardie vuur wees soos die sout wat op die gereelde offerhande gegooi is om dit vir God welbehaaglik en aanvaarbaar te maak. Daar in die vuur word ons dus gesoute gelowiges!

Hierin lê daar vir ons troos. Dat dit beter is as ons nou, kortstondig, vir 'n tyd, God se vuur en die reinigende effek daarvan in ons lewe beleef. As wat ons eendag in die hel skielik ontdek daar is geen uitkoms en geen einde aan hierdie vuur nie.

Ek wil afsluit.

Almal van ons kan getuig dat sulke tye in die vuur ons weer "aanvuur" , aan die brand steek, lus maak om te praat en te vertel van wat God vir ons beteken en waarmee Hy in ons lewens besig is.

Dit is asof tye in die vuur weer die lig en vuur in ons lewe aan die brand steek sodat dit hoog genoeg brand dat die ander om ons dit kan sien.

Daar in die vuur van God se teenwoordigheid, in gebed, word ons weer brandende fakkels, lig midde al die duisternis om ons.

Daar ontdek ons hoe ons in die verlede kompromie gesluit het, en kies ons weer om 100% te commit aan Jesus, en kies ons om te commit om onbeskaamd net volgens Sy lewensstandaarde en –waardes te lewe.

So word ons wat **2 Tim. 2:21** sê: "*As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens*."

## HOOFSTUK 12 Al ooit gevoel asof God jou in ‘n grot vergeet het!

In **Heb. 11:38** beskryf die Hebreërskrywer van die geloofshelde soos volg: “*Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe.*”

Dawid is een so ‘n Bybelse voorbeeld van ‘n gelowige wat ‘n hele paar jaar ‘n grot as sy adres gehad het. Heelwaarskynlik vir tussen 7 en 10 jaar lank. G’n wonder hy het soms gevoel God het hom daar vergeet nie.

Om iets van hierdie man se wedervaringe te verstaan moet ons so ‘n bietjie in sy geskiedenis gaan rondblaai.

Jy weet natuurlik dat Dawid se lewe in meer detail as enige ander Ou Testamentiese figuur vir ons beskryf word.

Boonop het ons nog die voorreg om letterlik in sy hart in te kyk in soveel van die Psalms. Daar lees ons van sy persoonlike worstelinge en belewenisse; gevoelens en belewenisse waarmee die meeste van ons so maklik kan identifiseer.

Dawid se verhaal begin waar God die profeet Samuel stuur om hom as die volgende koning van Israel te kom salf (**1 Sam. 16**) omdat koning Saul ongehoorsaam aan God geword het. Heelwaarskynlik was Dawid toe so om en by 14 jaar oud. Kort na hierdie gebeure vat hy as tiener die reus Goliat aan en maak hom daar voor die hele Israel dood. Koning Saul is so beïndruk met hom dat hy hom in sy paleis inneem waar hy en Jonatan groot vriende geword het.

Daar in die paleis het Saul al hoe meer begin voel dat Dawid, hoe ouer hy word, vir sy koningskap ‘n bedreiging geword het. Daarom doen hy allerlei dinge om sy posisie te probeer verstewig. Soos om Dawid, wat intussen ‘n paar jaar ouer geword het, met twee van sy dogters te laat trou (**1 Sam. 18**). Uiteindelik besluit Saul dat dit beter sal wees as Dawid dood is, en moet Dawid - so enigiets tussen 20 en 23 jaar oud - vlug vir vir sy lewe.

Stel jou voor, die nuut-gesalfde koning van Israel op “police file” in Israel. Dit is op hierdie tydstip wat Dawid skuiling gaan soek het in die grot van Adullam waar hy die leier word van ‘n bende van 400 rebelle (**1 Sam. 22**). Daar het hy, soos ek gesê het, vir tussen 7 tot 10 jaar lank weggekruip.

Wat ‘n adres vir ‘n gesalfde van die Here: Grot so-en-so, Moab!

Watter depressiewe geselskap was hierdie 400 rebelle nie gewees nie! G’n wonder Dawid het in sulke geweldige depressies verval in hierdie tyd nie! Ek kan so

goed verstaan waarom hy in hierdie tyd hoeveel keer gevoel het God het hom daar vergeet. Dink jou in sy skoene in. Onthou dat ons hier met een van die beste musikante van die Ou Testament te doen wat hoeveel liedere gekomponeer het en ure om gesit en speel het op sy harp! Onthou sy tipiese sensitiewe geaardheid as musikant van sy kaliber.

Wat my egter aangryp is om te sien hoe God Dawid daar in die grot geleer het om, midde al die depressiewe dinge rondom hom, midde sy ongeduld omdat die dinge wat God belowe het nie gebeur nie, midde al die depressiewe geselskap rondom hom, te leer om God nogtans te loof en te prys. Soveel so dat hy daar in **Ps. 103: 1-5** kan sê: "*Ek wil die Here loof, met alles wat in my is wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.*"

Daar in die grotte in ons lewe leer ons om dieper te kyk en te delf uit dit wat regtig "in ons is". Daar leer ons om verby al die ander dinge te kom om weer daar te kom om God opreg te loof.

Kan jy jou indink hoe eensaam Dawid daar tussen al hierdie rebelle moes gewees het daardie 7 tot 10 jaar! Met feitelik niemand om mee te praat oor wat hy hier diep binne oor God beleef het nie. Tog hoor ons hom daar in **Ps. 27** - wat heelwaarskynlik in hierdie tyd geskryf is - sing:

- **Vers 4**: "*Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.*"
- **Vers 9 -14**: "*Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red. Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem. Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie. Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan. As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie…! Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!*"

Onthou die heeltyd dat Dawid die gesalfde van God was wat bedoel was om in hierdie tyd die nuwe koning te wees! Hy was heeltyd die talentvolle, intelligente,

dapper, kreatiewe, sterk, betroubare man en gelowige met 'n intieme verhouding met God, terwyl hy daar in die grot en tussen hierdie rebelle elke dag moes leef. 'n Mens voel amper: wat 'n vermorsing van goeie goed, soveel tyd en geleenthede!

Daarom hoor ek in die woorde van **Psalm 27**, en van die ander psalms, hoe Dawid party dae uitgeroep het: Here, waarom? Wat het ek gedoen? Waarom het U my vergeet?

Miskien is dit hoekom soveel van ons vandag, saam met miljoene ander Christene oor die eeue, steeds van hierdie Psalms van Dawid kan lees en daardeur opgebou en vertroos word.

Kyk 'n mens na die verdere verloop van God se wandel met Dawid kan jy die betekenis van hierdie tyd in sy lewe raaksien. Merk jy op hoe dit hom voorberei en toegerus het vir die verantwoordelikhede en uitdagings later in sy lewe.

Ek glo nie dat daardie tyd in sy lewe, daardie tyd in die grot, bedoel was om van hom 'n geloof-reus te maak nie. Dit was hy reeds as tiener toe hy Goliat aangevat het. Nee, dit lyk vir my eerder asof hierdie tyd nodig was om hom gereed te maak vir God se groter planne verder met sy lewe, want hy was bedoel as die een op wie se troon die Koning van alle konings uiteindelik sou sit.

Ons sien ook dat hierdie tye Dawid geleer het om net God en Hom alleen bo alles te vertrou. Ja, om Hom meer as wat jy jouself en jou eie geloof te vertrou. Soms kom 'n mens op plekke in jou lewe wat al jou geloof en al jou vertroue op God niks kan doen of verander aan situasies nie. Wat jy letterlik laat besef dat net God, Hy alleen, hier 'n verskil kan en moet maak. Maar dan op Sy tyd en op Sy manier.

Het jy al ooit daar gekom in jou eie lewe? Dit is wat ek ook hoor as Paulus van homself praat as 'n gekraakte kruik waarbinne die kosbare skat van God se evangelie en krag bedien word aan mense.

Ek sien hier twee kante van geloof wat daar in die grot in Dawid se lewe gebrei en geoefen is.

- Daar het Dawid geleer dat God ons deur Sy salwing in ons lewens as gelowiges, mag en outoriteit gee. Selfs om die koning te wees. Die Nuwe Testament voeg hier aan toe dat hierdie salwing, wat op ons rus as God se kinders, selfs maak dat die onsigbare magte van die hemel moet gehoorsaam as ons praat.

- Maar aan die anderkant leer ons deur ervarings daar in die grotte van die wêreld, iets van ons eie gebrokenheid, en ons feilbaarheid. Beleef ons daar hoe ons geskud word, en hoe die vuur van die situasies 'n klomp gemors in ons lewens wegbrand.

Kom ek sê dit anders:  In ons Christenwees ontdek ons die krag en wonders as God deur die gawes van die Gees deur ons lewens werk en bedien.  Maar daar in die grot-tye in ons lewe, ontdek ons hoe die Gees van God die karakter van Christus, en die vrug van die Gees in ons lewens uitwerk.  Ook wanneer ons bid.

## HOOFSTUK 13 Deur die donker tot in die lig

**Ps. 18:28** bely "*U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my*".

Almal van ons ken daardie donker waarvan die Psalmdigter hier praat. Dit is gewoonlik wanneer ons eerste woorde aan God is: Hoekom, Here ...?

In die bekende **Psalm 23** praat Dawid van hierdie donker as om letterlik te voel jy loop in die skadu van die dood (**vers 4**). Hy weet hoe dit voel om nie te weet waarheen met God jou op pad is nie, en om nie 'n tree voor jou te kan sien nie. Maar sy troos was dat hy weet God is daar by hom die heeltyd.

Een ding weet ek seker en dit is dat die donker wat soms almal van ons oorval, nie vir altyd in 'n gelowige se lewe duur nie. Die een of ander tyd sal die lig weer deurbreek.

Die ander ding wat Dawid ontdek het was dat God, as die Herder, in hierdie tye ook daar is met Sy staf, om jou te lei waar Hy jou wil lei. Dawid het geweet dat God midde daardie donker, vallei-ervaringe in ons lewens ons kan suiwer sonder om ons daar te los. As ons goeie Herder is Sy bedoeling om ons ook hierdeur te lei, anderkant uit, terug in die sonlig van volwassenheid en vrugbaarheid.

Luister in die verband na daardie merkwaardige gedeelte in **Jes. 40:3 tot 5a**: "*Iemand roep: "Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God! Elke laagte moet opgevul word, elke berg en rant moet gelykgrond word. Elke bult moet 'n gelykte word en elke koppie 'n vlakte. Dan sal die mag van die Here geopenbaar word; al wat leef, sal dit sien.*"

Die bedoeling van die woestyn- of donkertye in ons lewens is om ons 'n geleentheid te gee om 'n grootpad in ons lewens en in situasies te bou vir God. En met hierdie grootpad langs lei Hy ons dan uit hierdie woestyn - of vallei van donker uit.

As jy wil weet hoe hierdie pad gebou gaan word, kyk net wat daar verder staan. Ons beskou gewoonlik die donker, vallei-tye in ons lewens as baie ongelukkige tye. As 'n grot, waaruit ons so gou moontlik moet kom. Die wonder is dat God juis daardie vallei wil gebruik - in sy diepte en wydte - as die houer wat Hy wil vul met Sy volheid. Hy wil jou weer 'n nuwe ervaring van Sy genade en liefde, en die Heilige Gees se kragtige werking in jou lewe laat beleef.

Daarom gaan die Here midde al die donker bonatuurlike wonders bewerk. Voor ons oë gaan al wat berg en heuwel is voor ons platgevee word. Al wat krom is gaan in hierdie tye reguit gemaak word, en al wat skurf en grof is gaan gladgemaak word.

Daarom sê **Luk. 3:5 en 6**: "*Elke dal moet opgevul word en elke berg en heuwel wegsak; en die krom draaie sal 'n reguit pad word en die skurwe plekke gelyk weë. En al die mense sal die verlossing sien wat van God kom.*"

Dit gaan rondom ons gebeur, maar baie beslis ook in ons gebeur. Ons gaan beleef hoe God ons karakters en persoonlikhede daar in die donker vorm en skaaf totdat dit die vlymskerp instrumente kan wees waarmee God die vyand 'n doodhou kan gee.

Daarom lyk dit dus vir my dat 'n mens letterlik uit daardie donker valleie en grotte in jou lewe uit groei terwyl die Here met jou besig is.

Dit is eienaardig dat ons daar in die donker soms beleef God praat nie met ons nie. Dit is natuurlik nie waar nie, want as ons terugdink aan daardie tye in ons lewens, weet ons God het baie beslis met ons gepraat. Dit was immers juis God se gepraat met ons daar in die donker wat ons bewus gemaak het dat Hy daar by jou is. Weens die donker kon ons geen ander teken en bewyse sien dat Hy daar is nie.

Daarom wil ek jou sê: As dit tans donker is om jou: Wees sensitief vir God se stem! Luister mooi na wat Hy aan jou in hierdie tyd sê.

Hierdie tyd in die donker, hierdie vallei- of grot-ervaring in ons lewens, het 'n baie duidelike patroon. Ek wil vyf fases onderskei:

- Fase 1 - Dit gaan uitstekend met jou en jy geniet dit om God te dien
- Fase 2 - Dan tref die krisis jou en jy val die dieptes in
- Fase 3 - Jy begin angstig soek na antwoorde by God in gebed om net te verstaan wat met jou gebeur het
- Fase 4 - Jy begin insig ontwikkel en verstaan meer waarmee God in jou lewe besig is
- Fase 5 - God bring uitkoms na die suiweringsproses afgehandel is en jy kan weer juig oor jou gebede wat verhoor is

Kom ek wys jou 'n voorbeeld of wat van Psalms wat hierdie verskillende fases vir ons uitbeeld:

- Fase 1 – **Ps. 47** is 'n goeie voorbeeld. Die lewe is 'n fees. Oral rondom jou sien jy groei, beleef jy vervulling en is opgewonde oor dit

waarmee God besig is.  Maar dit is ook gewoonlik die fase waar daar tog so 'n snarsie deurbreek van 'n dieper honger na meer, na meer van God en meer intimiteit.

- Fase 2 - Skielik, asof uit die niet, is die krisis op jou en voel jy hoe jy val die dieptes in.  Welkom in **Ps. 88** se vallei.  As jy hierdie Psalm lees, lees en voel dit uiters depressief en beleef jy hierdie gevoel van magteloosheid.  Jy voel daar is nie hoop nie; daar is nie geloof nie; daar is nie vreugde nie; daar is nie lig nie.  Die van julle wat al daar was in julle lewens, weet dat dit eintlik 'n mens troos om te weet dit is presies wat ander ook beleef het toe hulle daar was.

- Fase 3 - Die een ding waaraan 'n mens vasklou in daardie vallei-ervarings in jou lewe is God se Woord.  Dit is asof jy nie genoeg daarvan kan kry nie.  Jy lees en mediteer daaroor, alles in 'n poging om antwoorde te kry vir dit wat nou met jou gebeur het.  En soos jy soek en lees, en vasklou daaraan, beleef jy hoe jy stadig maar seker tog uit die donkerte opgelig word boontoe.  Nie dat dit lig word nie.  Dit bly donker, maar dit is darem nie meer so donker nie.  **Ps. 31** vertel van hierdie tyd wanneer dit tog minder donker is as wat dit was.  Waar jy weet en glo God gaan jou kom uithaal.

- Fase 4 - Meer en meer begrip is besig om deur te breek oor waarmee God in jou lewe besig is.  Soos wat dit deurbreek, word dit vir jou makliker om te glo en te vertrou dat ook dit ten goede gaan meewerk vir jou en almal om jou.  Dit is soos om 'n pas uit te ry en, al is jy nog nie bo nie, kan jy tog terugkyk en sien hoe die vallei daaronder lê.

- Fase 5 - Skielik is jy in **Ps. 40**.  Dit is die oomblik wat jy weet God het jou gebede verhoor en die uitkoms is hier.  Jy is bo, op die top van die berg.  Dit is die tye wat jy kan uitsing: " *Ek het gesmag na die hulp van die Here.  Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor.  Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop.  Hy het my 'n nuwe lied in die mond gelê, 'n loflied vir ons God.  Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou!*" (**Ps. 18** is ook 'n goeie voorbeeld hiervan).

Ek wil afsluit met 'n woord van bemoediging aan elkeen wat in so 'n donker vallei sit in sy lewe.  Ek weet jy ervaar tans nie wat ek nou aan jou gaan sê nie, maar beskou dit as profetiese woorde wat binnekort gaan waar word in jou lewe:

- **Ps. 112** belowe " *Prys die Here! Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here. Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën: daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en blywend:* (en dan veral ...*) hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig.*" Een ding weet ek naamlik dat dit weer gaan lig word.

- God vergeet ons nie daar in die donker nie. Hy weet presies hoe lank ons daar is, en wat daar moet gebeur. Hy sal weer Sy lig laat deurbreek wanneer Sy werk in jou voltooi is.

- Die beste raad wat ek jou in hierdie tyd kan gee is dat jy jou sal verdiep in die Woord. **Ps. 119:105** bely immers nie verniet dat God se Woord die lig vir ons op ons pad is nie. Dit geld veral ook in daardie vallei-tye in ons lewens.

- Hou aan praat met God. Totdat Hy met jou praat. Wag vir daardie woord wat uit God se mond vir jou in jou situasie. **Jes. 55: 10 en 11** sê nie verniet dat niks God se woord kan keer nie. As God eers begin praat, gebeur presies wat Hy wil hê moet gebeur. As Hy praat, verander dinge en niks kan dit stuit nie. Nie eers jy of jou eie ongeloof nie. Onthou, daar in die begin met die skepping was dit net vir God nodig om een woord te sê om lig te bring in die donker. So kan dit weer wees ook in jou lewe.

- **Jes. 58:8** en **Mal. 4:2** belowe dat saam met die lig genesing deurbreek in die donkertye in ons lewens. Jy weet waar jy genesing nodig het. Vertrou God ook daarvoor in jou lewe.

## HOOFSTUK 14 Alles ter voorbereiding van God se seisoen

Ek wil graag hierdie reeks oor gebed afsluit. Kom ek begin met 'n storie oor Elzeard Bouffier, 'n skaapwagter, wat in 1913 in die Franse Alpe gewoon het.

As gevolg van onverantwoordelike ontbossing was die berge rondom Provence in Frankryk, waar hy gewoon het, sonder die beskermende plantegroei en dus noodwendig uitgelewer aan die elemente. Dit het 'n hele proses van agteruitgang tot gevolg gehad in die omgewing: riviere en strome het opgehou vloei, die wind het die klein dorpie in daardie omgewing se plantegroei en mense begin verniel, met die gevolg dat die gemeenskap mettertyd begin wegtrek het.

Elzeard het egter elke dag dennebolle begin optel en aangehou totdat hy 100 perfekte dennebolle elke dag gevind het. Dit het hy dan mettertyd teen die berghange geplant.

Toe die storieverteller hom raakgeloop het, was hy reeds 3 jaar daarmee besig. Volgens sy berekeninge het hy in die tyd sowat 100 000 nuwe bome aangeplant, waarvan ten minste 20000 reeds begin uitspruit en groei het.

Hiermee het Elzeard aangehou dwarsdeur die eerste wêreldoorlog.

Die gevolg was 'n hele kettingreaksie: Soos die bome normaal begin groei het, het die riviere normaal begin loop en is die ekologie in die omgewing in so 'n mate herstel dat sinvolle lewe weer in daardie vallei moontlik was. Op 'n dag het daar weer nuwe mense begin intrek en het 'n nuwe lewensvatbare gemeenskap daar begin vorm. Alles omdat een man maar net getrou gedoen het wat hy moes doen. Al was die hele wêreld rondom hom letterlik in vlamme.

Hoeveel keer bid ons vir lang tye sonder dat dit lyk asof iets gebeur van wat ons vra. Hoeveel keer vertrou ons die Here vir dae, maande en selfs jare vir 'n deurbraak sonder dat iets skynbaar gebeur. Hoe baie keer beleef ons daardie tye in die grot of in die donker vallei en word ons half moedeloos en amper te moeg om aan te gaan en aan te hou vertrou op God om dinge te verander ...

God se tyd en ons konsep van tyd is so verskillend. Ons is so haastig. Dinge moes eintlik al gister gebeur het. Dit voel moes altyd asof God laat is.

Kom ek haal hier **Prediker 3:1 tot 11** aan: "*Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek, 'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou, 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,*

*'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans, 'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af, 'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi, 'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk, 'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat, 'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede. God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.*"

Hoe meer ek in die Skrif na God se tyd-konsep kyk, hoe meer besef ek dat God 'n bepaalde seisoen bepaal het vir dinge om te gebeur. 'n Mens kom dit agter as jy kyk hoe die Nuwe Testament oor "tyd" praat. Die gebruik en verband van twee Griekse woorde het my veral opgeval: Chronos wat gewoonlik verwys na die normale, kronologiese tyd wat verloop, en kairos weer wat 'n "regte tyd" of spesifieke, strategiese moment meestal aandui.

Dit lyk vir my dat ons probleem saamhang met die feit dat ons nie altyd die verband tussen die chronos-tye en die kairos-momente in ons lewens raaksien nie. Albei hierdie tye is belangrik in ons lewens. Die chronos-tye berei ons voor en bring ons uiteindelik by die langverwagte kairos-momente uit.

Vir God se planne om te realiseer is daar altyd 'n gewone, kronologiese tyd wat moet verloop, om uiteindelik te kan kom by daardie spesifieke moment wat dan God se seisoen is vir die dinge om te begin gebeur.

Ons soek gewoonlik naarstigtelik na daardie tye wat dinge begin gebeur. Dit is mos heerlik as die deurbrake of daardie wonderwerk waarvoor ons so lank al gebid het plaasvind.

Daarom minag ons in 'n sin hierdie lang tye tussenin waarin ons gedwing was om maar net getrou aan te hou bid en moes aanhou vertrou dat God Sy beloftes gaan waar maak. Dit is asof ons nie besef dat die tye wat ons grotte as ons adres het, of wat ons voel God het ons vergeet daar in die donker valleie, doodgewoon die normale verloop van die chronos-tyd is totdat die kairos-moment dan aanbreek waarin God die deurbraak bring.

G'n wonder **Gal 6:9** sê: "*Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.*"

As 'n boer ploeg en saai, en dan maande moet wag vir die oes, kan soveel dinge gebeur wat hom kan laat twyfel of daar ooit 'n oes gaan wees. Maar as ons 'n woord van God het dat daar 'n oes gaan wees, kan ons weet daar gaan 'n bestemde tyd, 'n kairos-moment, wees waar ons met ons hande in die oes gaan staan.

Dit werk soos om 'n koek te bak. Daardie meel en bakpoeier wat ons in die bak gooi, proe op hulle eie aaklig. Maar gemeng saam met die regte ander bestanddele, gebak teen 180 grade Celsius hitte vir die regte lengte tyd, lewer dit vir ons 'n koek wat vir almal van ons 'n fees is om te eet.

So werk dit baie keer in ons lewe. 'n Groot deel van ons lewe as gelowiges, wat ons gebedtye insluit, is doodgewoon chronos-tyd. Op hulle eie skynbaar smaakloos en selfs bitter sleg, maar as deel van God se resep, gekombineer met die regte bestanddele oral op die verhoog, meesterlik bymekaar gegooi en bestuur, lewer dit uiteindelik, op die kairos-moment, 'n eindproduk waaroor ons almal wil feesvier.

Laat dit jou troos in daardie grot- en vallei-seisoene in jou lewe, omdat jy weet God is besig agter die skerms om iets feesteliks voor te berei.

Die troos is dat iets hier gebore word wat vir ons ten goede gaan wees.

Dit is dus belangrik om gedurigdeur te besef dat selfs hierdie hele, aaklike ervaring 'n kardinale rol speel in wat kom.

Al is dit dan net om 'n voertuig te wees om ons op die regte tyd op die regte plek te kry.

Die gevaar is dat ons hoop en verwagting in hierdie chronos-tye kan begin vervaag. Ons bid dan al so lank, maar niks gebeur skynbaar nie. Dit is dan wat **Gal 6:9** ons moet aanspoor om aan te hou.

As ons egter vasbyt en God bly vertrou gedurende daardie chronos-seisoene in ons lewe, is ons soos Elzeard besig om getrou die een dennebol na die ander te plant, sodat skynbaar lewelose, droë streke kan verander in 'n lewensvatbare omgewing waar God se nuwe lewe op die regte kairos-moment kan deurbreek.

En as die tyd daarvoor reg is, kan dit letterlik in een oomblik gebeur.

Onthou vir Abraham. Vir 24 chronos-jare moes hy en Sara doodgewoon vashou aan God se belofte dat daar eendag vir hulle 'n seuntjie van hulle eie gebore gaan word. Tot daardie dag in **Gen 18:10** aangebreek het wat God kom sê het: Oor 'n jaar van nou af sal jou seuntjie gebore word. Hulle het wel gelag, maar 'n jaar later is Isak gebore.

Die kaptein van die luukse boot, The Matchmaker, was op hulle terugvaart Seattle toe, toe hulle oor die radio hoor van 'n seilboot wat omgeslaan het met 'n man en vrou aanboord. Die man kon swem tot by die kus, maar sy vrou was tot nog toe vermis. Vir twee ure reeds het verskeie bote in die omgewing vrugteloos na haar gesoek. Omdat hy die seestrome in daardie omgewing goed geken het, het die kaptein besef sy boot se posisie is op daardie oomblik strategies. Hy het besef dat

hierdie vrou – as sy nog gelewe het in die koue seewater – deur die sterk seestrome direk na hom toe aangespoel sou word. Daarom het hy sy bemanning dadelik beveel om op die uitkyk vir haar te wees. Dit was ook so. ‘n Paar minute later het hulle haar krete gehoor en is sy uit die see opgepik deur The Matchmaker se bemanning.

Wie weet of God nie dalk al die dinge wat in die chronos-tyd in jou lewe afgespeel het gebruik om te sorg dat jy juis nou, op hierdie kairos-moment, daar kan wees waarvoor Hy juis jou nou wil gebruik nie.

Moet dus nie moedeloos word nie. Byt vas in die chronos-tyd. Die kairos-oomblik is op pad.